
Naam: ____________________ Datum: _____________

# Begripstoets




## Ek verjaar !

Koos word agt jaar oud. Hy wil graag 'n seerower partytjie he. Hy gaan 10 maats nooi.

Sy ma sê hulle kan Saterdag winkel toe gaan om goed vir die partytjie te koop.

Toe hulle by die winkel kom laai Koos die volgende in die trollie: 10 wit ballonne met 'n seerower op, 10 swaarde, 10 seerowerhoede en 10 seerowerbaarde. Sy ma bestel ook 'n groot seerowerskip koek.

Koos kan nie meer wag vir die partytjie.



Beantwoord die volgende vrae:

1. Hoe oud word Koos?

_______________________________________________

2. Watter partytjie wil Koos hê ?

_______________________________________________

3. Hoeveel maats gaan Koos nooi?

_______________________________________________

4. Wanneer gaan Koos en sy ma winkel toe?

_______________________________________________

5. Wat laai Koos alles in die trollie?

_______________________________________________

_______________________________________________

Naam: ____________________ Datum: _____________

# Begripstoets

## Koek resep



Kom ons bak 'n koek

Jy benodig:

1. 2 eiers
2. 1 koppie meel
3. 1 koppie koue water
4. 1 koppie suiker
5. Halwe teelepel sout
6. 2 teelepels bakpoeier

Meng al die bestandele saam.

Maak die oond warm tot 180 grade. Bak die koek vir 20 minute. Haal die koek dan uit die oond en laat dit eers koud word vir 10 minute.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat gaan ons bak?

____________________________________________

2. Hoeveel koppies meel moet jy in die resep gooi?

____________________________________________

3. Hoeveel bestandele kort jy vir die resep?

____________________________________________

4. Op hoeveel grade moet jy die oond sit?

____________________________________________


5. Hoe lank gaan die koek bak?

____________________________________________

6. Vir hoeveel minute moet die koek eers koud word?


____________________________________________


________________________



Naam: ___________________ Datum: _____________

# Begripstoets






## Boer Ben

Boer Ben bly op 'n baie groot plaas. Hy boer met beeste, skape en mielies. Hy het 100 beeste en 80 skape.

Op die plaas het hy ook hoenders, perde en varke. Die hoenders kekkel, die perde runnik en die varke snork. Die plaas is vol diere geluide. Boer Ben gaan haal elke oggend eiers uit die hoenders se hok. Vanoggend was daar 10 eiers. Hy was so bly!



Boer Ben geniet dit baie op die plaas.

Beantwoord die volgende vrae:

6. Met wat boer Boer Ben alles op die plaas?

___________________________________________________

7. Hoeveel beeste het Boer Ben?

___________________________________________________

8. Watter ander diere is op die plaas?

___________________________________________________


9. Watter geluid maak 'n perd? ______________________________


10. Wat haal Boer Ben uit die hoenders se hok?

___________________________________________________


Naam: ____________________ Datum: ______________

# Begripstoets





## By die see



Liezl en haar familie gaan vandag see toe. Sy pak haar handdoek, hoed en sonbrandolie in haar strandsak. Sy kan nie wag om see toe te gaan.

By die see sien sy vreeslike groot branders. Sy en haar pa besluit om te gaan swem. Die water is baie koud!

Hulle sien klomp dolfyne spring agter die branders. Een dolfyn het n vis in sy mond gevang. Haar pa wys haar die klein krappe wat in die seesand tonnels grou. Sy probeer hulle vang, maar hulle is te vinnig.

Hulle pak op en gaan huis toe na 'n lekker dag by die see.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Waarheen gaan Liezl en haar familie?

   ________________________________________________

2. Wat pak liezl in haar strandsak?

   ________________________________________________

3. Is die see se water koud of warm?

   ________________________________________________

4. Watter diere het Liezl en haar pa gesien by die see?

   ________________________________________________

5. Dink jy 'n krap kan seer knyp?

   ________________________________________________

Naam: ____________________ Datum: _____________

# Begripstoets

## Mia en Zak

Jan het vandag 2 nuwe honde gekry. Hulle name is Zak en Mia. Zak is swart en Mia is wit met bruin kolle.

Hulle is baie stout. Toe Jan sy skoolsokkies wil aantrek is hulle vol gate gekou en Mia het sy skoene se veters uitgetrek. By die toilet is Zak besig om die toiletpapier af te rol en hy hardloop toe met dit by die gang af.

Jan begin om die toiletpapier stadig op te rol. "Ag nee." sug hy. Ek het nie geweet dit gaan sulke harde werk wees om honde te he nie.



Beantwoord die volgende vrae:

1. Hoeveel honde het Jan gekry?

_____________________________________________

2. Wat is Jan se 2 honde se name?

_____________________________________________

3. Watter kleur is Mia?

_____________________________________________

4. Hoekom is Mia en Zak stout? ___________________________

_____________________________________________

_____________________________________________